LES 2: LIEFDE

Bybel Storie gedeelte: Mattheus 26:33 - Petrus verloën Jesus

Ons Boodskap vir vandag: Liefde verdryf vrees.

Die Here het geweet Petrus gaan hom verloën, net soos Hy geweet het Judas gaan Hom verraai. Petrus het genade gevind omdat hy oor sy liefde vir Jesus, sy vrees oorkom het en berou gehad het. Ons moenie bang wees om verskoning te vra nie, Jesus vergewe onvoorwaardelik.

Ons skriffie vir die dag: *1 Johannes 4:18 Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie.*

Bykomende agtergrond skriffies: *Wat is Liefde?*
AL sou ek die tale van mense en engele spreek, en ek het nie die liefde nie, dan het ek 'n klinkende metaal of 'n luidende simbaal geword. Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie, handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie, is nie bly oor die ongeregtigheid nie, maar is bly saam met die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles. 1 Kor. 13

En beklee julle bo dit alles met die liefde wat die band van die volmaaktheid is. Kol. 3:14

En ons het die liefde wat God tot ons het, leer ken en geglo. God is liefde; en hy wat in die liefde bly, bly in God, en God in hom. 1 Joh. 4:15

En omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel. Mat.24:12

Gebed:
Liewe Jesus,
dankie dat U ons eerste liefgehad het.
Dankie dat ons nie bang hoef te wees nie.
Amen

Aktiwiteit:

Items benodig: Jou werksboek, skêr, gom, inkleur potlode.

Hulpmiddels:
'n Klein seuntjie het vir sy oupa en ouma op die plaas gaan kuier. Hulle het vir hom 'n slingervel gegee om in die bos te gaan speel. Hy het heeldag geoefen, maar kon net niks raakskiet nie! Later het hy moedeloos geraak, en terug plaashuis toe gestap vir aandete. Terwyl hy terugloop, sien hy ouma se troetel eend. Uit impuls swaai hy die slingeervel, tref die eend op die kop, wat die eend laat dood neeslaan. Hy was so geskok, en hartseer. In 'n paniekbevange oomblik steek hy die dooie eend weg tussen 'n hoop houte wat eenkant was, maar toe hy opkyk, sien hy sy sussie wat deur die huis se venster hom sien. Sy het alles gesien, maar niks gesê nie.

Na ete sê ouma: "Sannie, kom ons gaan was skottelgoed." Sannie antwoord: Ouma, Jannie het vir my gesê dat hy graag die skottelgoed wil was, nie waar nie Jannie?" Toe fluister sy in Jannie se oor: Onthou die eend..."So Jannie was toe maar die skottelgoed alleen. Die volgende dag vra oupa, of die kinders saam met hom wil gaan visvang. Ouma sê dat sy ongelukkig vir Sannie nodig het om kos te maak, maar Sannie glimlag en sê: Ouma, Jannie het gesê hy sal bly om te help, dan kan ek saam met oupa gaan. So, Jannie bly toe maar weer, want sy weet van die eend, en hy is vreeslik bang dat sy ouma sal uitvind wat gebeur het.

Na 'n paar dae wat Sannie hom so afgepers het om al haar takies te doen, het Jannie genoeg gehad. Hy kon die swaard oor sy kop nie meer vat nie! Hy gaan toe na sy ouma toe, en vertel vir haar die hele storie. Sy ouma het neergekniel langs hom, en hom 'n drukkie gegee. Toe sê sy: "My engel, jy sien, ek het ook die hele gedoente gesien deur my venster, en omdat ek lief is vir jou, het ek jou lankal vergewe, maar ek het gewonder hoe lank gaan jy toelaat dat Sannie 'n slaaf van jou maak."

Ek weet nie wat is in jou verlede nie, of watter oortreding die duiwel in jou gesig bly gooi nie, maar wat dit ookal is, ek weet dit: Jesus Christus het by die venster gestaan, en alles gesien. Gaan op jou knieë, en en vertel Hom! Omdat Hy lief is vir jou, sal Hy jou vergewe. Miskien wonder hy ook hoe lank jy gaan toelaat dat die duiwel 'n slaaf van jou maak. Die wonderlike ding van Jesus is dat Hy nie net vergewe nie, maar ook vergeet!

Taak: Dis tyd om die eerste vrug in die boom te sit! Sny die perske uit op die lyntjies, kleur dit in, en plak dit in die boom. Skryf ook jou versie in die boek, en memoriseer dit vir volgende week.
Hou 'n bespreking met die kinders oor: "Is daar iets waarvoor jy bang is?"

Hierdie material behoort aan www.whatafriend.co.za. Dit mag gebruik word vir nie-kommersiele doeleindes, indien jy die kopiereg, en ons kontak informasie insluit. Alle ander gebruike het skriftelike toestemming van ons nodig. Dit is onwettig om dit te verkoop.

LES 3: LIEFDE

Bybel Storie gedeelte: 1 Sam. 18 Dawid en Jonatan.

Ons Boodskap vir vandag:
Wees lief vir mekaar, en vergewe mekaar. Al was Dawid 'n vyand van Jonatan se pa, het Jonatan nogsteeds vir Dawid as sy beste vriend gehad. Ons moenie met 'n wrok teenoor iemand loop, as ons nie eers self betrokke is nie. Skinderstories bring onnodige onmin. Jonatan sou koning word, toe wys die here dat Dawid sal koning word. Wat doen Jonatan? Hulle is sulke goeie vriende, dat Jonatan vir Dawid sê dat hy bereid is om onder hom te dien.

Ons skriffie vir die dag:
Wie 'n oortreding bedek, soek liefde; maar hy wat 'n saak weer ophaal, skei vriende van mekaar. Spr.17:9

Bykomende agtergrond skriffies: *Waar praat die Here nog hieroor in die Bybel?*
Dit is my gebod, dat julle mekaar moet liefhê net soos Ek julle liefgehad het. Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee.Die liefde doen die naaste geen kwaad nie; daarom is die liefde die vervulling van die wet. Rom. 13:10

Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde. 1 Joh. 4:8
As iemand sê: Ek het God lief en sy broeder haat, is hy 'n leuenaar; want wie sy broeder wat hy gesien het, nie liefhet nie, hoe kan hy God liefhê wat hy nie gesien het nie? 1 Joh 4:20

Vir die moedelose moet daar liefde wees van die kant van sy vriend, ook al laat hy die vrees vir die Almagtige vaar. Job 6:14

Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het. Joh 13:35

Laat liefde en trou jou nie verlaat nie; bind dit om jou hals, skryf dit op die tafel van jou hart, dan sal jy genade vind en 'n goeie insig in die oë van God en die mense. Spr. 3:3

Gebed:
Liewe Jesus, help my om my naaste lief te hê, en goed te doen. Bewaar my dat ek nie sal skinder, en stories aandra nie. Amen

Aktiwiteit:

Items benodig: Jou werksboek, skêr, gom, inkleur potlode.

Taak: Skryf vandag se versie in jou boek, en memoriseer vir volgende week. Doen ook die woord speletjie.

Hulpmiddels: "Beste Vriende Woordspeletjie".
Daar was baie goeie vriende in die Bybel gewees, hier is 'n paar voorbeelde:

Dawid & Jonatan	*Naomi & Rut*
Paulus & Silas	*Moses & Aaron*
Maria & Elisabet	*Marta & Maria*

Soek hulle name in die Woordspeletjie, omkring die name, en kleur elke paar dieselfde kleur in (bv Dawid & Jonatan – oranje, Naomi & Rut – geel ens.)

M	A	B	H	S	C	G	D	N	E	L	F	G
N	V	D	N	A	O	M	I	V	A	Y	E	H
F	J	O	N	A	T	A	N	M	A	H	L	J
G	F	H	D	P	C	D	E	A	R	N	I	G
B	M	N	S	A	L	G	I	R	O	B	S	F
V	R	U	T	U	M	J	K	T	N	G	A	D
Q	W	R	E	L	R	T	Y	A	U	I	B	Q
C	K	F	G	U	S	D	A	W	I	D	E	W
X	J	V	B	S	I	W	E	R	T	Y	T	E
Z	H	G	F	D	L	S	M	A	R	I	A	R
M	A	R	I	A	A	M	O	S	E	S	T	Y
S	A	D	F	G	S	H	J	I	K	L	O	P

M	A	B	H	S	C	G	D	N	E	L	F	G
N	V	D	N	A	O	M	I	V	A	Y	E	H
F	J	O	N	A	T	A	N	M	A	H	L	J
G	F	H	D	P	C	D	E	A	R	N	I	G
B	M	N	S	A	L	G	I	R	O	B	S	F
V	R	U	T	U	M	J	K	T	N	G	A	D
Q	W	R	E	L	R	T	Y	A	U	I	B	Q
C	K	F	G	U	S	D	A	W	I	D	E	W
X	J	V	B	S	I	W	E	R	T	Y	T	E
Z	H	G	F	D	L	S	M	A	R	I	A	R
M	A	R	I	A	A	M	O	S	E	S	T	Y
S	A	D	F	G	S	H	J	I	K	L	O	P

Hierdie material behoort aan www.whatafriend.co.za. Dit mag gebruik word vir nie-kommersiele doeleindes, indien jy die kopiereg, en ons kontak informasie insluit. Alle ander gebruike het skriftelike toestemming van ons nodig. Dit is onwettig om dit te verkoop.

LES 4: BLYDSKAP

Bybel Storie gedeelte: : Exodus 15. Mirjam prys die Here
En Mirjam, die profetes, die suster van Aäron, het 'n tamboeryn in haar hand geneem; en al die vroue het uitgegaan agter haar aan, met tamboeryne en in koordanse. En Mirjam het hulle al singende geantwoord: Sing tot eer van die HERE, want Hy is hoog verhewe. Hy het die perd met sy ruiter in die see gewerp.

Ons Boodskap vir vandag:
Leer hulle hoekom ons van blydkap jubel, hande klap & koordans.

Ons skriffie vir die dag:
Dien die HERE met blydskap; kom voor sy aangesig met gejubel. Ps 100:2

Bykomende agtergrond skriffies:
Dit het Ek vir julle gesê, dat my blydskap in julle kan bly en julle blydskap volkome kan word.
Joh. 15:11



Wees dan nie bedroef nie,
want die blydskap in die HERE
Dit is julle beskutting.
Neh.8:11

Tot nou toe het julle niks in my Naam gevra nie. Bid en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees.
Joh 16:24

En die dissipels is vervul met blydskap en met die Heilige Gees.
Hand 13;52

Wees gehoorsaam aan julle voorgangers en onderdanig, want hulle waak vir julle siele as diegene wat rekenskap moet gee, sodat hulle dit met blydskap kan doen en nie al sugtende nie; want dit is vir julle nie nuttig nie.
Hebr 13:17

Gebed:
Liewe Jesus,
Laat ek altyd jubel in U Naam, en vol blydskap wees.
Amen

Aktiwiteit:

Items benodig: Jou werksboek, gom, skêr, toiletpapier rolletjie, 2 gekleurde pypskoonmakers, 4 klokkies, 1 stuk gekleurde papier, gom, lint, gekleurde sneespapier.

Hulpmiddels: Bring instrumente saam klas toe bv. tamboeryn, driehoekies, simbale, enige iets wat geraas maak, en sing "Loof hom met die koordans". Die kinders kan ook instrumente maak, uit koeldrank blikkies wat met sand of klippies gevul word, of 'n paar stokkies en glase, of klokkies om te skud (sien taak). Laat elkeen sy eie instrument speel. Gee voorbeelde van verskeie instrumente, bv tjello, klavier, jou stem.

Loof hom met die koordans, loof Hom met die harp.
Loof hom met die klinkende simbale.
Alles wat asem het, loof, loof die Here. (2x)
(As jy nie die liedjie ken nie, sing dit op die wysie van "Ring-a-rosie")

Taak: Dis tyd om die tweede vrug in die boom te sit! Sny die peer uit op die lyntjies, kleur in, en plak dit in die boom. Skryf ook die versie in jou boek, en memoriseer dit vir volgende week.

Wat is jou gunsteling instrument? Maak jou eie instrument vandag!

- Vat die toilet rolletjie, draai die geleurde stuk papier om dit, en plak vas met gom. Dit gaan die handvatsel gedeelte van jou instrument vorm.
- Draai die 2 gekleurde pypskoonmakers om mekaar. Elke 5 cm kan jy 'n klokkie invoeg. Dit gaan die boog gedeelte van jou instrument vorm.
- Vou die 2 punte van die pypskoonmaker boog in by die punte van die toilet rolletjie, en plak vas met gom.
- Druk die opgefrommelde gekleurde snesies / papier in die buis van die toiletrol, om die openinge toe te maak.
- Knoop laastens 'n stuk lint om die pypskoonmakerstring, om dit mooi af te rond. Daar het jy nou jou eie musiek instrument!

Hierdie material behoort aan www.whatafriend.co.za. Dit mag gebruik word vir nie-kommersiele doeleindes, indien jy die kopiereg, en ons kontak informasie insluit. Alle ander gebruike het skriftelike toestemming van ons nodig. Dit is onwettig om dit te verkoop.